# 60 dae van gebed vir die vervolgde Kerk

## 2021 WÊRELD-WAARNEMINGSLYS-UITGAWE

**"Dit is Hy wat ons uit so ŉ groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Op Hom is ons hoop gevestig: Hy sal ons ook verder red. Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie ŉ seën van God vir ons bring, en dan sal baie Hom vir ons dank."**

2 Korintiërs 1:10-11 (1983-vertaling)




## Februarie 2021

### Lande met uiterste vervolging

**1 Noord-Korea**

Die situasie waarin Christene verkeer, is kwesbaar en onseker. Bid vir hul beskerming. Bid ook vir Christene wat in tronke, arbeidskampe en afgeleë gebiede ly – dat God hulle krag en uithouvermoë sal gee.

**2 Afganistan**

Christen-bekeerlinge vanaf Islam ervaar intense druk van hul families, vriende en bure om hul Christengeloof prys te gee. Gevolglik is dit onmoontlik om openlik as ŉ Christen te leef. Bid vir moed en beskerming vir Afgaanse gelowiges.

**3 Somalië**

Die Christengemeenskap is klein en word voortdurend aangeval. Bid dat meer arbeiders die oes sal bereik. Bid dat Christenwerkers wysheid sal hê om bedieningsgeleenthede te vind wat God se liefde demonstreer.

**4 Libië**

Politieke en sekuriteitstoestande in die land moet vooruitgaan vir Christene se situasie om te verbeter. Bid vir stabiliteit en beskerming van die regte van godsdienstige minderhede.

**5 Pakistan**

Die invloed van Islam in Pakistan gaan sover terug as die 1980's. Die land word deur talle radikale Islamitiese groepe geteister. Bid dat die Pakistanse regering wette sal implementeer om Christene te beskerm.

## 6 Eritrea

Die Kerk hou aan om vurig te bid, siele te wen en in getalle te groei. Dank die Here omdat Hy Sy Kerk in Eritrea in stand hou. Daar is baie Christene in die tronk weens hul geloof. Bid dat die Here hulle sal onderhou, hul geloof sal versterk en hulle daagliks deur Sy Gees sal bemoedig.

## 7 Jemen

Islamitiese militante groepe raak al meer invloedryk en word verder aangevuur deur die chaos van die burgeroorlog. Die onsekerheid wat dit veroorsaak, verhoog die geleentheid vir die onderdrukking van minderhede, insluitend Christene. Bid vir vrede en beskerming.

## 8 Iran

Shia Islam is die amptelike godsdiens, en alle wette moet in ooreenstemming met die amptelike interpretasie van Sharia-wetgewing wees. Bid dat die wette sal verander om godsdiensvryheid toe te laat.

## 9 Nigerië

Bid dat die Kerk in staat sal wees om druk te weerstaan om hul geloof prys te gee en

(Nigerië vervolg)

genade sal hê om op uitdagings te reageer op 'n manier wat Christus verheerlik. Bid dat die Evangelie verkondig sal word, ondanks die ontberings wat die Kerk ervaar.

## 10 Indië

Bid vir God se voorsiening en beskerming aan Christene, wat moedig evangeliseer in die stygende aantal provinsies met anti-omskakelingswette. Bid dat hulle wysheid sal hê in hul evangelisasie-pogings.

## 11 Irak

Talle Christen-families verlaat die land geleidelik omdat hulle sonder hoop is en magteloos voel weens die moeilike lewenstoestande, werkloosheid en die gebrek aan geleenthede vir die jeug. Bid dat God hulle die geduld sal gee om sterk te staan vir Christus in hul land.

## 12 Sirië

"Bid vir eenheid in die Kerk. Ons het krag van God nodig om mekaar se swakhede te aanvaar en verenig teen die vyand te wees," vra pastoor Habib Khalouf vir sy kerk in Latakia. Hy vra ook vir gebede sodat alle kerke in Sirië verenig teen die vyand se plan vir verdeling in die land sal wees.



## Lande met baie hoë vervolging

### 13 Soedan
Daar is nog baie stemme in dié land wat die Sharia-wetgewing probeer afdwing. Dis onduidelik of ŉ nuwe Soedan meer ruimte sal laat vir Christene om Christus vrylik te aanbid. Bid dat ware godsdienstige vryheid in Soedan geïmplementeer sal word.

### 14 Saoedi-Arabië
Talle geïsoleerde gelowiges het ŉ gebrek aan samesyn en gemeenskap, en is dikwels onder groot druk van die samelewing en hul families om hul geloof prys te gee. Hulle benodig samesyn, dissipelskap en ŉ gevoel dat hulle iewers hoort. Bid dat God hulle in veilige kontak met ander gelowiges sal bring.

### 15 Maledive
Dit is steeds baie uitdagend om dissipelskap onder geheime gelowiges te doen weens sekuriteits- en eenheidskwessies. Bid dat God oplossings sal voorsien oor hoe om hierdie hindernisse te oorkom, sodat geheime gelowiges geestelik gevoed kan word.

### 16 Egipte
Christene ervaar voortdurend verskeie gevare weens hul geloof. Bid dat God almal wat die afgelope jare aangeval of geliefdes verloor het sal vertroos en aan hulle sal voorsien. Bid dat ander God se lig en liefde deur hulle sal sien skyn.

### 17 China
Bid dat Chinese Christene sterk sal staan te midde van strenger godsdienstige beperkings en dat hulle doeltreffend by kruiskulturele sendings betrokke sal raak. Bid dat jong gelowiges ondanks die materialistiese omgewing ŉ dieper verhouding met Jesus sal ontwikkel.

### 18 Mianmar
Christen-bekeerlinge vanaf Islam of Boeddhisme ervaar sterk druk van hul families, vriende en bure om hul geloof prys te gee. Bid dat hulle ondanks vervolging moed en deursettingsvermoë sal hê. Bid vir groter godsdiensvryheid.

### 19 Viëtnam
Soos wat die Christen-minderheid groei, beywer die regering hulle al meer daarvoor om kerke te monitor en die groei van Christenskap te beperk. Ernstige strawwe word toegepas op Christene wat die regime kritiseer. Bid dat die beperkings sal afneem en vir groter vryheid.

### 20 Mauritanië
Die algehele politieke, ekonomiese en sosiale situasie in Mauritanië bevorder die opkoms van radikale Islam in die land. Bid teen ŉ opstand en dat radikale Islamiete die Redder wat hulle vervolg, deur die Christene sal leer ken.

### 21 Oesbekistan
Oesbekistan het een van die ergste diktatorskappe in Sentraal-Asië, wat enigiets sal doen om in beheer te bly. Hulle val alle vorms van opposisie en afwykings van die norm, insluitende Christenskap, aan. Bid vir verandering en die aanvaarding van Christenskap in Oesbekistan.

### 22 Laos
Bid dat Christene vrylik toegang tot Bybels sal hê en hul kerke kan registreer. Bid ook dat daar nie teen Christen-kinders in Boeddhistiese skole gediskrimineer sal word nie en hulle nie weens hul geloof lae punte sal ontvang nie.

### 23 Turkmenistan
Mense word in die grootste deel van die

(Turkmenistan vervolg)

land amptelik verbied om in die openbaar te aanbid, terwyl evangelisering ook ŉ strafbare oortreding is. Dit het daartoe gelei dat huiskerke toenemend deur die polisie en owerhede geteiken word. Bid vir die beskerming van hierdie kerke.

### 24 Algerië
Daar is minstens 35 000 Christene in Algeriese (en Berber) kerke en baie meer wat nog nie deel van ŉ kerk is nie omdat hulle in afgeleë plekke bly. Bid dat God vir hierdie gelowiges ŉ weg sal aanwys om kerk toe te kan gaan.

### 25 Turkye
Bid vir Christene wat gedwing word om hul geloof geheim te hou. Bid dat God hulle sal beskerm. Bid ook vir beskerming en voorsiening vir diegene waarteen in die werkplek gediskrimineer word oor hulle geloof.

### 26 Tunisië
Gewelddadige radikale Islamitiese groepe is in die suidelike grensgebiede aktief. Hulle teiken beide vreemde en plaaslike Christene wanneer die geleentheid opduik. Bid vir hierdie gelowiges se veiligheid.

### 27 Marokko
Hoewel wetgewing slegs sendingwerk straf, kan Christen-bekeerlinge op ander maniere gestraf word – byvoorbeeld deur hulle van hul erfregte of toesig oor hul kinders te ontneem. Bid vir beskerming teen sulke ongeregtighede.

### 28 Mali
Christene word soms geteiken deur georganiseerde kriminele netwerke wat met rebellegroepe saamwerk. Bid vir wysheid en moed vir Christene om hul geloof in hierdie omstandighede uit te leef.



## Maart 2021

### 29 Katar
Bekering vanaf Islam na Christenskap is sosiaal onaanvaarbaar in Katar. Bid vir beskerming vir diegene wat kies om Jesus te volg en dat hulle troos en gerusstelling in Christus sal vind.

### 30 Colombië
Meer as die helfte van die gelowiges in landelike gebiede of konfliksones word met die dood, afpersing, ŉ verbod op evangelisasie en konstante waarneming gedreig. Bid dat God almal wat Hom volg sal versterk, ongeag die risiko's.

### 31 Bangladesj
Bid en vra God om gelowiges, en veral geheime gelowiges, te versterk om sterk te staan in hul geloof, sodat hulle vervolging kan verduur en nie hul geloof sal prysgee nie.

## 32 Burkina Faso

Burkina Faso het sowat een miljoen verplaaste mense, waarvan baie Christene is wat weens Jihadistiese geweld deur verskeie radikale groepe verdryf is. Bid vir wysheid en vir God se fisiese en emosionele voorsiening vir pastore by kerke wat skuiling aan verplaaste mense bied.

## 33 Tadjikistan

Die regime plaas groot druk op "afwykende" groepe soos die Christen-minderheid deur die bestaande wette te verstewig en dit streng af te dwing. Bid dat hierdie druk sal verslap en dat die land meer toegewend teenoor Christenskap sal word.

## 34 Nepal

Nepal word al meer soos Indië, met die Hindoe-ekstremiste se invloed wat sterker word. Bid vir die beskerming van gelowiges wat gearresteer word omdat hulle die Evangelie deel. Bid dat prokureurs na vore sal tree om hulle te verdedig.

## 35 Sentraal-Afrikaanse Republiek

Duisende mense, waarvan die meeste Christene is, leef in IDP-kampe omdat sekuriteit nog nie herstel is nie. Bid dat die Here vir hulle sal intree en dat hierdie omstandighede hulle nader aan Christus sal bring.

## 36 Ethiopië

Christene word geteister en dikwels toegang tot gemeenskaplike hulpbronne geweier. Bekeerlinge vanaf Islam na Christenskap word verstoot en dikwels van hul familieregte ontneem. Bid dat die Here ons sal help om die Kerk toe te rus om aan Christene hoop in hierdie omstandighede te bied.

## 37 Mexiko

Mexiko is een van die gevaarlikste plekke ter wêreld om te evangeliseer weens georganiseerde misdaadgroepe, wat die Evangelie as ŉ bedreiging vir hul werk sien. Bid vir die beskerming van diegene wat die Evangelie met vrymoedigheid in hierdie land versprei.



## 38 Jordanië

Jordanië se ekonomiese probleme kan tot meer sosiale en politieke onrus lei, wat Christene en ander minderhede negatief kan beïnvloed. Bid vir wysheid vir die regeringsleiers terwyl hulle die land se ekonomie probeer versterk.

## 39 Broenei

Volgelinge van ander gelowe word swaar gestraf as hulle evangeliseer of vanaf Islam na ŉ ander geloof oorskakel. Christene wonder soms of daar vir hulle ŉ toekoms in Broenei is. Bid vir deursettingsvermoë vir gelowiges.

## 40 Demokratiese Republiek van die Kongo

Christene ervaar toenemende druk en geweld deur Islamitiese militante in die oostelike deel van die land, sowel as regeringsdruk vir Christene wat teen die regime in opstand kom. Bid dat God Christene in hierdie onderdrukkende omgewing sal toerus en versterk.

## 41 Kazakstan

Bid vir Kazakse gelowiges en kerkleiers, veral pastore wat geheime kerke lei en gelowiges wat vanaf Islam bekeer het. Bid vir hulle veiligheid te midde van toenemende beperkings en regeringsbeheer.

## 42 Kameroen

Toe vermeende Boko Haram-militante verlede jaar die dorp Gossi in die verre noordelike streek aangeval het, is niemand dood nie. Ongelukkig is die eiendom van Christene, wat alreeds erg gedemoraliseer is, erg beskadig. Bid dat God gelowiges in die streek sal ophef.

## 43 Bhoetan

Boeddhisme is Bhoetan se geestelike erfenis en is in die grondwet vervat. Bid dat die Here die Boeddhisme se greep in hierdie land sal verslap en dat Christene godsdiensvryheid sal ervaar.

## 44 Oman

Plaaslike imams moedig die handhawing van kulturele norme, wat nou met Islamitiese beginsels verweef is, aan. Bid vir gelowiges om wysheid en onderskeidings-

(Oman vervolg)

vermoë te hê oor hoe om potensiële konflik te hanteer.

## 45 Mosambiek

Jihadiste het verskeie aanvalle in noordelike Mosambiek uitgevoer. Indien die situasie nie onder beheer gebring word nie, kan noordelike Mosambiek ŉ streeksentrum vir Islamitiese ekstremisme word. Bid vir wysheid vir die regering om hierdie situasie op so ŉ wyse te hanteer dat die mense beskerm sal word.

## 46 Maleisië

Die grondwet definieer etniese Maleisiërs as Moslems. Gevolglik het Maleisiërs nie die godsdienstige vryheid om Islam te verlaat nie, en diegene wat ander gelowe beoefen word verbied om dit met Maleisiese Moslems te deel. Bid vir ŉ verandering in Maleisië.

## 47 Indonesië

Bid vir Christen-kinders wat openbare skole in streng Islamitiese streke moet bywoon, waar hulle dikwels diskriminasie ervaar. Bid vir bemoediging, troos en ŉ gevoel van hoop vir die leerlinge. Bid ook dat hulle sterk sal staan in hul geloof.



## 48 Koeweit

Koeweitse Christene (wat meestal vanaf Islam na Christenskap bekeer het) ervaar ondervraging deur regeringsamptenare, kry opdrag om byeenkomste te staak, en verloor hul werk en huise. Bid dat gelowiges die krag sal hê om sterk te staan in hul geloof.

## 49 Kenia

Politieke groepe gebruik mense se ontevredenheid met die regering om radikalisme in die Moslemgebiede in die noordoostelike en kusgebiede van Kenia te versprei. Bid vir wysheid en ywer vir die regering in die hantering van griewe sodat hulle dit kan beëindig.

## 50 Comore

Daar is 'n groot toename in Islamitiese simpatie onder die bevolking, regeringsamptenare, nie-Christelike godsdienstige leiers en Moslem-jeuggroepe, wat tot angstigheid onder Christene lei. Bid dat God sterk sal intree vir Christene in hierdie uitdagende omgewing.

## 51 Kuba

Die regering onderdruk die Kerk en teister pastore, kerkleiers en gelowiges. Hulle reik lasbriewe vir arrestasie uit en kla mense aan vir kriminele en burgerlike oortredings om godsdienstige onderdrukking te verberg. Bid vir God se leiding vir die Kerk in 'n toenemende vyandige omgewing.

## 52 Sri Lanka

Bid vir pastore in Sri Lanka, wat gespot en dikwels deur hulle bure gesteur word wanneer hulle dienste lei. Bid dat hulle nie in hul geloof sal wankel nie en dat hulle krag by die Here sal kry wanneer hulle vermoeid voel.

## 53 Verenigde Arabiese Emirate

Die passie en hoop om 'n impak vir Christus te maak in die samelewing, kan afneem wanneer daar min plaaslike broers en susters in Christus is. Bid dat God gelowiges in die Emirate sal seën met meer broers en susters saam met wie hulle samesyn kan hê.

## 54 Niger

Hierdie land ervaar geweld deur Islamitiese radikale groepe, wat oorspoel vanaf Mali, Nigerië en Burkina Faso, sowel as verskillende soorte onwettige handelaars in die Agadez-streek. Bid vir wysheid vir die regering om hierdie dreigemente te hanteer en vir beskerming teen gewelddadige aanvalle en ontvoerings.

# Lande met hoë vervolging

## 55 Kirgistan

'n Islamitiese kultuur heers in Kirgistan (veral op die platteland), met plaaslike owerhede wat geneig is om onder die Moslem-gemeenskap se invloed te wees. Dit het ernstige gevolge vir bekeerlinge vanaf Islam na Christenskap. Bid vir beskerming en krag vir Christene in hierdie land.





## 56 Palestynse Grondgebiede

Die invloed van radikale Islamitiese ideologieë groei en historiese kerke moet diplomaties wees in hul benadering teenoor Moslems. Bid vir wysheid vir die Kerk om die lig van Christus in hierdie omstandighede te laat skyn.

## 57 Tanzanië

Hoewel vervolging alle kategorieë van Christen-gemeenskappe in die land beïnvloed, word bekeerlinge vanaf Islam die meeste geraak in Moslem-gedomineerde gebiede. Bid vir beskerming en krag vir bekeerlinge vanaf Islam, wat weens hul geloof druk van hul Moslem-gemeenskappe ervaar.

## 58 Russiese Federasie

Baie van die druk op Christene in Rusland

(Russiese Federasie vervolg)

kom vanaf die regering se beperkende wetgewing. Bid vir leiding vir Russiese Christene, sodat hulle aan die binnelandse wette kan voldoen terwyl hulle hul evangelistiese aktiwiteite uitvoer.

## 59 Djiboeti

Die opkoms van Islamitiese militante is ŉ bron van kommer vir die regering. Weens sy ligging, is Djiboeti ŉ deurgangsroete vir baie gewelddadige Islamitiese militante. Bid vir wysheid vir die regering in hul hantering van hierdie strydlustigheid.

## 60 Bahrein

Kerke word dopgehou, daar is ŉ tekort aan spasie om kerke te bou en die bouprosesse word bemoeilik. Bid dat die Bahreinse regering aan die Kerk meer vryheid en hul eie bouruimte sal gee sodat hulle God vrylik kan aanbid.

*Verteenwoordige foto's is gebruik vir sekuriteitsredes.
Alle inligting is korrek met druktyd.

**Vervolg Maar nooit alleen.**

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

Open Doors South Africa

www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org